DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**8 November 2020**

## Tema 2020 - VISIE 20/20

**OGGENDEREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Romeine 12: 1—8



**Tema** Gelowiges het mekaar se offers nodig.

**Fokusteks** Romeine 12: 4, 5

**Sang** Psalm 100: 1, 4
37: 2, 3
42: 5, 7
61: 4, 6

Die wêreld sal nooit kerk word nie, maar die kerk kan soos die wêreld word. Ons leef in 2 wêrelde wat onversoenbaar is. Jy gee jou tyd, geld, gawes, maar gee jy jouself? Waar kerk en wêreld in mekaar invloei kan die kerk nie meer haar roeping uitvoer nie. As kerk moet ons duidelik weet wie en wat ons is. Die duiwel wil ons aandag van die Here en van mekaar aftrek. Ons kan as individue leef of as die liggaam van Jesus Christus. Die totale Westerse ingesteldheid is materialisties en individualisties. Baie mense offer hulle gesondheid op twv hulle werk en ekonomiese voorspoed. Sportsterre offer letterlik hulle liggame op vir eer en roem. Waarvoor offer jy jouself op? Familie, vriende, werk, tydelike genot en eer? Wat gee sin, rigting en doel aan jou lewe?

Die Here het aan ons geloof geskenk en ons deel van 'n groter geheel gemaak. Nadat die Here vir Adam geskep het, het Hy gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. En toe skep Hy vir Eva om saam met Adam te leef en om 'n hulp te wees wat by hom pas. Die Prediker het onder leiding van die Heilige Gees geskryf: Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. As twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word? (Pred.4:9 – 12)

Toe die Here Jesus baie jare later sy kerk op aarde met sy apostels kom vestig, bid Hy vir hulle: Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos ons een kan wees. (Joh. 17:11).

Hierdie eenheid, samewerking en onderlinge verbondenheid waarvoor ons Here gebid het, word op verskeie plekke deur die apostel Paulus beklemtoon. Onder andere in die teksverse: Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en elkeen afsonderlik lede van mekaar (Rom. 12:4 & 5). En dit word gedra deur onderlinge liefde. Christus se liefde was ‘n werkende liefde. Sy offer bring ons versoening. Hy gee Homself, nie ‘n iets nie.

Die volgende sake is daarom baie belangrik vir die kerk: ons is deel van mekaar ; ons ondersteun mekaar; ons aktiveer en motiveer mekaar , want ons het gawes ontvang. Ons is van mekaar afhanklik. Die een kan nie sonder die ander nie. Paulus sê: Ons is, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. Die ledemate in ŉ mens se liggaam, is van mekaar afhanklik. Hulle is onlosmaaklik aan mekaar verbind. As Paulus in 1 Kor. 12 weer presies hierdie selfde beeld van die liggaam gebruik om die gemeente te beskryf sê hy: Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos hy dit wou hê. As almal saam net een lid was, hoe sou daar ŉ liggaam kon wees. Die oog kan nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie”. Die kop kan weer nie vir die voete sê: “Ek het julle nie nodig nie”. Julle is die liggaam van Christus en afsonderlik is elkeen ŉ lid daarvan.

Het jy al ooit na die mens voor jou, agter jou en langs jou gekyk en gesê: Ek het jou nodig! OF Julle het my nodig! Ons kan nie sonder mekaar as gelowiges lewe nie. Ons mag nie sonder mekaar wees nie. ŉ Mens dink miskien dat jy in die lewe alleen kan regkom totdat jy in jou lewe by siekte, dood en beproewing kom! Die dag waarop jy seerkry en plat teen die grond lê. Dan eers verstaan jy wat dit beteken as ŉ medegelowige sy/haar hand in broederliefde uitsteek om jou vas te hou. Dan weet ŉ mens eers wat jou mede broer en suster se liefde en gebede vir jou beteken. Die dag wanneer iemand jou bystaan en verseker van die Here se krag en liefde.

Daarom lees ons in Galasiërs 6:2: Dra mekaar se laste en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus. Die liefde wat werk is ‘n opdrag van die Here. Dit gebeur dat die werk wat ons in die Here se koninkryk doen op ŉ stadium te veel word. Dan ondersteun ons mekaar. Prediker het gesê: Twee vaar beter as een, hulle inspanning kom tot iets.

Om werklik diensbaar te wees, het ons mekaar se ondersteuning nodig. U ken die beeld van die passasierskip en die oorlogskip. Die gemeente is nie gaste op ŉ passasierskip wat ontspan terwyl die bemanning rondskarrel en ons bedien op die skip wat oppad is na die hemel toe. Nee die kerk is ŉ oorlogskip. Elkeen het ‘n taak, doel en funksie om die vyand se aanslag nie net af te weer nie, maar om die oorwinning te behaal. Ons werk is dat God se koninkryk in die see van volkere kan kom.

Paulus roep die gemeente in Filippi op om: in volkome eensgesindheid standvastig saam te stry vir die geloof in die evangelie (Fil. 1:27). Dit is regtig hartseer as 'n mens sien hoeveel mense deesdae sommer van die kerk af wegraak. Mense wat op 'n stadium aktief was en saamgewerk het. En wat nog meer hartseer en ontstellend is, is die feit dat dit dikwels jongmense is. Wat is die probleem? 'n Groot deel van die probleem is dat ons ander hulle nie genoeg vasgehou en bygestaan het nie. Hulle kon nie alleen regkom nie. Die onafhanklikheid en die indiwidualisme van die moderne samelewing het sy tol ge-eïs en hulle het weggedryf, hulle het geval by die gebrek aan belangstelling en liefde.

Hoor die oproep van die Heilige Gees vir ons in Heb. 10:24: Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Dit is elkeen van ons se taak om na die persoon langs ons, voor ons of agter ons om te sien. Ons is vir mekaar verantwoordelik! As die Here vir enige een van ons vra: Waar is jou broer? of Waar is jou suster?, mag ons nie soos Kain destyds antwoord: Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas? (Gen. 4:9) Dit is ons werk. Ons moet mekaar voortdurend aktiveer en motiveer, want ons moet mekaar bystaan midde in die stryd. Die satan, die wêreld en ons elkeen se eie sondige natuur is voortdurend besig met aanvalle. En nie een van ons moet dink ons is op ons eie sterk genoeg om staande te bly nie. Ons het mekaar nodig!

Kom ons vra maar net elkeen vir onsself die een vraag: Wat doen ek om my broer of suster aan te spoor tot liefde en goeie dade? As elkeen net vir homself lewe en net sy eie belange beskerm, gaan ons die oorlog verloor. Om as ware gelowiges in Christus te kan lewe, gee die Here gawes van profesie, om te dien, onderrig te gee, bemoediging, leiding te gee, ander te help, sonder bybedoeling te gee. Ons is lede-mate van dieselfde liggaam wat onsself moet opbou. En ons kan dit net doen as ons Christus se gesindheid in ons dra.

Net so min as wat 'n liggaam nie net uit 'n oor, voet of oog kan bestaan nie, maar al die verskillende organe nodig het om optimaal te funksioneer, net so kan jy nie op jou eie 'n gelowige wees. Om werklik 'n verskil in die omgewing te wees, waar ons woon en werk, moet ons hier by ons begin en vra: Is ons wat ons moet wees? Ons is die liggaam van Jesus Christus om uit te gaan om God se koninkryk te verkondig en te leef. Eer God in jou offers.

## BYBEL VERTALING 2020 WEERGAWE

Die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel : 2020 vertaling is nou beskikbaar en kan bestel word by sales@biblesociety.co.za of vanaf die Bybelgenootskap se aanlyn winkel of van die kerkkantoor.




# OOG VIR MEKAAR



* Baie geluk aan Craig en Estelle Adams met die geboorte van Kaylie. Ons bid dat sy baie vreugde vir julle gaan bring.
* Ons is baie dankbaar dat dit met Johan van Biljon al hoe beter gaan. Seën vir jou en Annemarie in die hersteltyd.
* Hennie Oelofse ontvang Dinsdag chemo. Die kanker het na sy skelet versprei. Ons bid vir en saam hom en Julie in die tyd.
* Ons bid saam met Marie Seegers wie se skoonseun baie siek is aan kanker. Ons bede is dat die Here julle almal sal vashou in Sy troue liefde en julle deur die Heilige Gees sal bystaan en ondersteun.
* Ons bid vir die matrikulante wat besig is met die eindeksamen. Baie van die ander leerders is ook besig om voor te berei vir eksamen of skryf al. Sterkte ouers om te bly motiveer.
* Ons dink aan die onderwysers met al die merkwerk wat met spoed en akkuraatheid moet gebeur.
* Ons het mede broers en susters wat finansieël swaar kry. Ons bid vir julle. Onthou die Diakonie is daar om hulp en bystand te verleen. As u vervoer benodig kan u met Theuns of Theyman skakel.
* Daar is ook hulp beskikbaar as u emosioneel ondersteuning nodig het. Skakel met ds Sarel of u wyksouderling as u huisbesoek wil ontvang. Ons staan mekaar by om deur die uitdagings te kan leef.
* Ons is steeds onderhewig aan die wette wat met die inperking gepaardgaan. Die kerkgebou is 'n openbare gebou en ons moet die wet gehoorsaam. As ons almal saamwerk kan ons steeds 'n funksionerende gemeente wees. Baie sterkte vir almal wat onder die gevolge van die inperking swaar kry.
* Die Gereformeerde Kerk Pietersburg – Noord nooi die Gereformeerde Kerk Pietersburg hartlik uit na die jaar se Kerssangdiens op DV Sondag 15 November 2020 om 18:00.

# ALMANAK 2021




Almanak 2021 is nou beskikbaar vir bestelling.
Skryf nou jou naam op die kennisgewingbord vir bestelling.
Almanak 2021 se kostes is R100.00

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **8 November** | **Kollektes** | **By deure:** | Diakonalesorg. |
| **10 November** | **10:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **11 November** | **18:00** | Bybelstudie by die kerkgebou. | |
| **12 November** | **09:30** | By Alta Theron se huis | |

## DIAKONIE

Die diakonie vra dringend hulp vir droë voorraad om in die gemeente te kan help. Kontant bydraes is ook baie welkom. U kan dit by die kerkkantoor afgee.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat Ds. Sarel se preke nou op YouTube beskikbaar is en om 09:30 elke Sondag "ge-live Stream" word . Gemeentelede kan nou die erediens op hulle slimfoon, tablet of rekenaar volg.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak, om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sidanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met br. Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 9 Nov | Jan Hoogendyk<br>Louise Pretorius | B<br>B | 083 703 5925<br>083 686 4256 |
| Do 12 Nov | ***Andre Buys **** | B | 082 473 2986 |
| Vr 13 Nov | Tjaart Van Wyk<br>***Esther Venter ***** | B<br>B | 082 674 4497<br>082 479 4565 |
| Sa 14 Nov | Craig Adams<br>***Apie Oberholzer **** | <br>B | 082 798 0329<br>079 496 1228 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 2 Nov 1979 | Corne en Christine Du Plessis | 41 | 082 823 7487<br>084 253 6880 |
| 14 Nov 2009 | Rhuan en Su-Marie Stander | 11 | 074 580 3739<br>082 477 8009 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar.*

*Romeine 12 : 4 en 5*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS